It is especially easy for the native colporteur to spend his small earnings as he passes from one compound or location to another. Money that goes a long way for Christian education does not go very far for new clothes or tasty food. But here was another point where John came off victor. His purpose was to get back to the training school, and to get back with a full scholarship. And, when tempted to spend his money, he remembered his purpose.

But there is still another side to this experience. While it is true that we are called upon to do our best in these ways, yet all our efforts are worthless without the power of God. John knows this. In nearly all his letters to me he added a word of confidence in the power of prayer, or a request to remember him in prayer. I know that this was another and important source of his success, and that he recognised this fact was clearly shown by his earnest testimony of praise to God. His words I want to leave with all those who are striving to serve God, and especially those who will be going out to sell literature during the Big Week:—"I know that this power is not in me, but that it is the power of God that has done these things."

Verkorte Vierjaarlikse Rapport van die President van die Suid-Afrikaanse Unie Konferensie

N. C. WILSON.

ONS waardeer dit om so baie lede van oral in die Unie teenwoordig te sien om saam met ons die huidige probleme te studeer en help oplos. Wat die tydelike aangaan, verkeer ons in spanning en in onsekerheid, maar broeders en susters, by die Here is krag en uitkoms selfs teen die dood. Hy sal ons seën en ons klaarmaak vir die nabye koms van Christus.

"Want God, de Heer, so goed so mild: Is 't alle tyd 'n son en skild." Ps. 84: 6.

ONS is bly om Ouderling H. T. Elliott van die Generale Konferensie in ons midde te hê, as ook ons geliefde Divisiepresident Ouderling J. F. Wright, verder ons veterane, party van hulle het gepreek toe ons nog kinders was, en ander Divisie- en Konferensiewerkers. Hulle sal saam met al ons broeders en susters, ook die wat verhoor is om op te kom, ons met raad en daad bystaan.

Onder die werkers wat ons in die laaste vier jaar deur die dood ontvang het, noem ons die Broeders W. B. Commin, P. J. D. Dessels, P. Smailes, G. W. Webb, T. L. Bulgin; en onder ons getroue natuurlike werkers: Broeders R. Moko, Kalaka, Elijah Ngwenya. "Salig die wat in die Here sterf, ja, sê die Gees, en hul werke volg hulle na."

Die afgelope vier jaar het heel wat veranderinge gesien. Gedurende die sitting van die Generale Konferensie te San Francisco in 1930 is Ouderling J. F. Wright benoem tot Divisie president. Toe ons in 1931 moes besuinig, het ons Broeder F. E. Potter aan die Kaap Konferensie afgestaan en die sorg vir die Unie Buurt-sending Departement op ons geneem. Laaste Desember is Ouderling A. Floyd Tarr, na elfjarige diens in ons kantoor, tot ons leedwese na die Divisiekantoor geroep. Ouderling J. E. Symons het sy plek ingeneem en tegelyk as superintendent oor die Kafferland Sending geageer. Later is al die sendingvelde in die Unie van Suid-Afrika onder een kantoor gebring met Ouderling J. R. Campbell as superintendent en Broeder A. A. Pitt as sekretaris-tesourier. Ons het daardeur heel wat koste bespaar. Al is die toestand nie ideaal nie, die evangeliewerk kon tog aangaan.

Begin laaste jaar is 'n besonder komitee benoem om die maontlike besuinigings in ons werk na te gaan. Op hul aanbeveling het ons na ernstig oorweging besluit om by die begin van aanstaande jaar die Op-leiding Skool te Spioen Kop na een van ons groot sendingstasies te verplaas.

Vroeg in Mei 1932 was ons verplig om Ouderling H. J. Hurlow te vra om die Kolosendingstasie te Basoetoland deur mediese werk self-ondersteunend te maak. Op die manier is die deur van Kolostasie vandag onder die seën van God nog oop.

Deur groter evangeliewerk te doen is ook die laaste jare meer mense gedoopt—1,982 teen 1,585 in die vorige periode. Vier jaar gelede het ons 3,181 lede gehad, vandag tel ons in die Unie van Suid-Afrika 4,159 lede. En elke jaar kom daar meer by onder die seën van Bo. Mag die Here

ons seën met heilige geesdrif om die werk in Suid-Afrika klaar te maak.

In die afwesigheid van Ouderling E. D. Hanson het ek sy rapporte opgemaak. Die werk van ons Buurtsending, Mediese en Uitgewersdepartemente verdien versterking. Ons dank die Divisie en Broeder L. A. Vixie vir hul gewaardeerde hulp in die boekwerk.

Daar is tye wanneer organisasies met teësin hul geldelike sake bloot lê, maar met dankbaarheid aan God waardeer ons die offervaardigheid van ons mense in hierdie dae van ongeëwenaarde verwarring.

Ontvang aan:

1925-1928	TIENDES 1929-1932	Vermeerdering
£50,503-8-2	£51,578-9-7	£1,075-1-5

1925-1928	OFFERANDES 1929-1932	Vermeerdering
£32,442-18-3	£37,349-17-1	£4,096-18-10

Vergelykende Rapport:
 Tiendes

	Tiendes	Offerandes
1929	£13,871 17 9	£9,857 4 9
1930	13,463 16 10	10,056 10 9
1931	12,294 18 11	9,265 18 6
1932	11,947 16 1	8,170 3 1

Totaal £51,578 9 7 £37,349 17 1

Gedurende die laaste twee en 'n half jaar is ons appropriasies met 34% gekort. Ons het probeer om in organisasie te besuinig soos aangegee, en ons was verplig om die salaris van amper elke werker 25% te kort.

Die toekoms lê onseker voor ons. Maar ons vertrou is op die Here Wat ook in die verlede gesorg het. Sy beloftes is ja en amen.

Ons grootste behoeftes is die uitstorting van die Heilige Gees, sodat elke besluit van hierdie konferensie mag wees tot heerlikheid en eer van die Naam van Christus.



Malamoelo-sendingstasie deur vreemde oë gesien

MENR. G. E. WALKER, 'n advokaat van Blantyre, Niassaland, het 'n paar weke vir sy gesondheid op die sendingstasie kom rus en skryf, ongevraagd, die volgende oor wat hy daar gesien het:

"Malamoelo lê in die Cholodistrik en is goed twee duisend akkers groot, waarvan een tiende of twee honderd akkers onder direkte toetsing van die witman verbou word, gedeeltelik as proefnemings vir verskillende graansoorte, grondboontjies, ens., gedeeltelik vir voer vir die beeste in die droë seisoen. Verder verbou die kaffers heel wat akkers onder mielies vir hul eie gebruik.

"Soos op al die ander sendingstasies leer die natuur ook hier hoe om stene te maak en te lê, houtwerk, kantoorwerk, ens. met hierdie onderskeid dat hy hier nie aange-

moedig word om in diens van die 'Muzungu' d.i. witman te gaan nie, maar om sy eie lewensomstandighede en die van sy stamgenote te verbeter deur b.v. stene huise te bou in plek van die ongesonde kafferhutte.

"Dis 'n welbekende feit dat die naturel van Midde-Afrika nie al te sindelik in sy maniere is nie. Maar wie ooit die lokasie van Malamelo besoek, sou dit nooit agter kom nie. In netjiese rye staan die eenkamer geboutjies met gras dakke in een grote vierkant waarvan die midde mooi met grastuine uitgelê is. Aan die een kant staan die groot gemeenskaplike eetsaal waar algar hul eenvoudige maaltye van 'nsima' d.i. mieliepap en boontjies gebruik.

"Verder is daar die melkery onder toesig van die witman. Die sendingstasie het vyf-en-sewentig melkkoeie en die room is van die beste. Al weke word daar ongeveer 190 pond van die heerlikste botter Blantyre en Zombatoe gestuur. Vra mens in die winkels daar vir 'n pond van die beste botter, dan kry mens gewoonlik die van Malamelo. Die melkery het dus sy naam gemaak.

"In die houtwerkswinkel word al die meubels, deure, vensters, ens., vir eie gebruik gemaak. Niks word buitekant verkoop nie. Trouens hier is dit gladnie soos op ander sendingstasies nie waar hulle afhanklik is van 'n groot winkel vyf minute van die hoofgeboue. Hier help hulle hulself in alles.

"Dit geld vernaam van die drukpers. Onder toesig van 'n naturel leier wat goed Engels en Chinyanja ken en ook mees al die vertaalwerk doen, werk die naturelle met twee klein handperse en druk hul eie Bybel en godsdienstige boekies en die nodige skoolboekke. Al die ander sendingstasies doen dieselfde; dit betaal beter om die werk te laat doen deur iemand wat die kaffertaal grondig ken. Behalwe dat die witman die finale proef moet goedkeur, word al die werk deur die naturelle self gedaan. Hulle lewer werklik goeie werk.

"Onder die bekwaam leiding van die inwonende dokter, Dr. E. G. Marcus, is hulle besig om die kamp vir die melaatses opnuut uit te lê. Hierdie kamp lê eenkant ongeveer 'n myl van die hoofgeboue van die sendingstasie.

"Die British Empire Leper Relief Association het 'n bydrae gegee om die onkoste van die opbou van die stene geboue in die kamp vir melaatses te bestry. Hulle is nou druk besig om die bossies weg te kap, die kafferhutte te verbrand en nuwe stene huises te bou en 'n goeie motorpad om die kamp uit te lê. Alles onder toesig en volgens tekening van Dr. E. G. Marcus. Die melaatses doen verder al die werk.

"Daar is ongeveer twee honderd van hulle en die behandeling is so goed dat die sendelinge moeite het om hulle weg te kry selfs wanneer hulle genees is!

"Die eintlike hospitaalgeboue lê 'n kwartmyl anderkant die hoofgeboue in teenoorgestelde rigting van die kamp vir melaatses. Daar is vier geboue: die mannesaal, die vrouesaal, die apteek, tegelyk die gebou vir buitepasjente, en die administrasiegebou waar die dokter sy kantoor, sy operasiekamer en sy medisyvoorraad het. Verder is daar nog 'n siekesaal vir Europeane naby die dokterswoning.

"Dr. Marcus sou ongetwyfeld 'n groot praktyk onder die witmense kan hê, maar hy ag dit sy eerste plig om die naturelle te dien. Geen wonder dat hulle hom ook aanspreek nie met die titel van 'Bwana'

d.i. leraar nie, maar met die titel van 'Abambo,' vader van ons mense. Die dokter word bygestaan deur twee verpleegsters en opgeleide naturelle in die apteek en helpers in die hospitaal wat die inspuittings gee en die verbande lê.

"Sover het ek met rede niks gesê oor die godsdienstige onderrig aan die naturelle nie. Daar is twee dinge wat my opgeval het: allereers die aandag van die naturelle gedurende die diens, veral gedurende die preek; en dan die gesang. Gewoonlik is die naturel musikaal van nature. Party het dan ook pragtige basstemme en Chinyanja, soos trouens al die kaffertale, het dit met Italiaans gemeen dat hy hom tot die sing leen. Dit was pragtig om hul mannekoor, onbegeleid deur 'n orrel, te hoor sing: 'Kufunati E! ndi mtima wonse.' ('Seeking the lost, yes, kindly entreating,' Christ in Song, No. 532.)

"Tot besluit wens ek die Sendingfamilie hartelik te dank vir die aangenaam dae in hul midde deurgebring en vir hul troue

vir die Here; ook word daar baie deëlike studente opgelei; hulle sal die toekomstige werkers wees.

As gevolg van hierdie verplasing na Angola het ons voor baie vraagstukke gestaan veral omdat dit so laat in die reëntyd was. Die motorkar wat ons gehad het en tog nie kon verkoop nie, het ons besluit om saam te neem, aangesien ons tog 'n motor in Angola moes gebruik. Ek het dus met die motor tot aan die grense gery en die familie met die trein laat aankom, in die hoop dat ek ons goed deur die doeanes sou kan kry en verder aanstuur. Maar toe ek aan die grense kom, vertel hulle vir my dat die goed nog nie gekom het nie en die eersvolgende goederetrein eers oor veertien dae sou deurkom.

Ek het dit toe 'n saak van gebed gemaak en die more toe die passasierstrein met my familie sou aankom, laat hulle my weet dat daar 'n spesiale trein ingekom het en ons goed daar was. Ek laat dit toe so gou moontlik na die Angola doeanekantoor bring, maar was te laat om sake te reël voordat die passasierstrein met my familie sou aankom.

Ek besluit dus dat algar vir drie dae aan die grense sou wag, dan kon ons saam met die volgende trein reis. Ons pak dus ons goed en gaan hoteltoe en was net mooi op streek, toe die berig kom dat daardie trein nie sou loop nie. Dit beteken dus 'n lang en vervelige oponthoud. Ons het dus weer treintoe gehardloop en ek het net Mevr. Curtis in die trein in en probeer nog kaartjies vir haar en ons dogter te koop toe die trein wegtrek. Daar gaan Mevr. Curtis nou sonder kaartjie en onder mense wie se taal sy gladnie verstaan nie. Ons volg toe in haas met ons kar na die grense, ag myl verder, oor slegte paaie, maar gelukkig, ons het op tyd aangekom. Eers probeer ek nog of hulle nie die motor wou saamneem nie, maar hulle weier. Toe moes ons maar ons kans afwag en met 'n later trein gaan.

Ons het dit weer 'n saak van gebed gemaak en net toe die passasierstrein wegtrek, laat die stasiemeester ons roep. Die volgende more sou daar 'n goederetrein wees en hulle sou ons motor daarmee vervoer en as ons wou, kon ons dan met die goederetrein saamgaan. Ons probeer toe ons goed deur die doeanes te kry en hoewel dit al na sluitingstyd was, het die doeanebeampte en die stasiemeester tot tien uur daardie aand besig gester om ons goed en ons motor deur te kry. En omdat daar geen hotel in die plek was nie, het die stasiemeester ons die nag op die stasie laat slaap.

Die volgende more het hulle die goedere-wa waarin ons goed was, oopgesluit en ons het saam met ons goed en moterkar kon ry vir twee dae, totdat ons verby die moerasse was. Toe het ons die motorkar uitgehaal en die orige twee honderd myle met die motor gery.

Nog nooit het ons so baie onmiddellike antwoorde op gebed gehad as op hierdie reis nie. *Dit betaal om te bid.*

Vandat ons in hierdie land aangekom het, het ons baie oop deure vir sendingwerk gesien. Ons het wel met teësin ons mede-arbeiders van die laaste ses jaar agtergelaat, maar het in die Angola Unie weer warme, simpatieke werkers gevind. Daarom glo ons dat die roepstem na hierdie veld van die Here was, en dat Hy ook ons arbeid hier sal sien en vrugbaar maak.

Die toestand hier verskil van die in die Kongo. Daar is 'n nuwe taal wat geleer

Wat gaan ons offerande vir Groot-Week hierdie jaar wees?

In 1932 was dit £414.

In 1931 was dit £290.

WAT GAAN DIT IN 1933 WEES?

As elke gemeentelid in die Suid-Afrikaanse Unie Konferensie net drie sielings sou gee as die opbrings van die verkoop van die boekies, sou ons hierdie jaar meer as £628 ontvang.

Broeders en susters, laat ons hierdie saak aanpak en deursit, as ons wil, kan ons die doel bereik, maar dan moet ons

BID en WERK en GEE

Verlewendig ons hart, o, Heer,
En gee dat meer en meer
Genade en die heilig vuur
Van geesdrif ons besiel elk uur.
Dan sal ons hart ook U koms
Met blydschap afwag elke stond.

sorg vir my en my familie. Ons het die besoek baie geniet, en dit sal nie ons laaste besoek wees nie."

G. E. H. WALKER,
BUS 9,

Februarie, 1933. Blantyre, Nyassaland.

Dit Betaal om te Bid

C. W. CURTIS

TOE die Raad van die Divisie ons vra om na die Angola-Unie te gaan, het ons dit met leedwese aangeneem. Ons het die werkers in die Kongo leer liefhê en ons volkome vertrouwd gemaak met die vraagstukke van die veld. Ons het die Naturelle wat ons daar ontmoet het, leer liefhê. Onderwysers en evangeliste is ernstige werkers

moet word; nuwe wette wat ons moet studeer en gehoorsaam. Ek het die voorreg gehad om 'n paar goewermentsbeamptes te ontmoet. Hulle was uiters beleefd en het ons papiere sonder meer aangeneem. Ons is nou geregistreer as burgers van die land en het gladnie die moeite gehad nie waarvan anderes praat.

Broeders en susters, dit betaal om te bid.

Vierjaarlikse Rapport van die Buurtsending-Departement

Die laaste vier jaar was baie geseënde jare in hierdie departement. Daar was geen besnoeiing nie, maar 'n gereelde ontwikkeling op elke gebied. Ons dank die Here vir die saamwerking in ons gemeentes. Onder die leiding van die Heilige Gees sal die werk met die vereende kragte van voorgangers en lede seker vinnig klaarkom.

Ons hoogste doel in al ons sendingwerk moet wees die aanwinst van siele. Ons gemeentelike het die laaste jaar 185 nuwe lede gewin.

Die Bybel is ons grootste wapen. "Is My Woord nie soos 'n vuur nie? spreek die Here, en soos 'n hamer wat 'n rots stukkend slaan?" Jer. 23:29. Ons broeders en susters het in die afgelope vier jaar 32,390 Bybellesings en huisdienste gehou; 'n aanwinst van 169% oor die vorige periode.

Ons gemeentes het 555,403 blaaië en traktate in hul sendingwerk van die laaste vier jaar gebruik. Verder het hulle net soveel werk gedaan as vyftien verpleegsters in vier jaar teen ag uur per dag en ses dae per week kan doen of 143,458 uur Christelike diens. Behalwe dit het hulle 28,999 behandelinge gegee, 41,243 stuks klere aan die armes en £4,757-13-2 aan kos vir die ellendes weggegee.

Die Oes Insameling vir die laaste vier jaar kom op £18,200-1-2, dis 50% meer as die vorige periode. Lof en dank sy die Here.

Vir Groot Week het die gemeentes oor heel Suid-Afrika £1,183-5-4 opgebring, waardeur duisende boekies onder die mense gebring is. Die ewigheid alleen sal die betekenis daarvan openbaar.

Vir die eerste jare het Broeder F. E. Potter die leiding gehad, maar uit oogpunt van besuiniging was ons verplig hom aan die Kaap Konferensie af te staan. Toe het die Uniepresident die sorg vir hierdie departement so goed en so kwaad dit kon, oorgeneem. Ons sien uit na die dag waarop die Unie Buurtsending Departement weer sy eie leier sal hê.

Ons waardeer die hulp wat in al die gemeentes deur lede en werkers vrywillig gegee word. Dis soos "Gospel Workers," bld. 351, 352 sê: "die werk van die Here op die aarde kan nooit klaargemaak word nie of die manne en vroue van ons gemeentes moet saamstaan en met die predikers en beamptes van die gemeentes saamwerk."

Gelyk ook op 'n ander plaas Suster White sê: "God en Christus en die engele van die hemel werk kragtig om die geweldige toorn van Satan in toom te hou sodat die planne van die Here nie vrydel word nie. Die Here leef en regeer. Hy bestuur die heelal. Laat Sy diensknegte moedig voorwaarts gaan. Laat daar volkome eenheid onder hulle wees. Laat hulle veg tot in

TIENDES BULLETIN, No. 4

Die Here Toets U

"Die Here toets u en dit hang van u af of u sal uitkom soos goud of soos waardeloos skuim. As u proeftyd vanaand sou sluit, wat sou die opsomming van u lewe wees? Nie 'n pond van wat u gewin het, kan u saamneem nie."—*"Testimonies," Vol. II, bld. 250.*

"IS DIT EK?"

"Onder die gemeentelike van goeie naam is daar helaas baie Achans. Menigeneen kom deftig kerktoe en sit aan die avondmaal van die Here, terwyl daar onwettige winste in sy besit is, dinge wat die Here vervloek het. . . . Achan se sonde het die ongeluk oor die hele volk gebring. Vir die sonde van een man sal die ongenoeë van die Here op Sy-gemeente rus tot dat die oortreding ontdek en weggedaan is. Die invloed waarvir die gemeente die meeste bang behoort te wees, is nie die van openlike teenstanders, ongelowiges en godlasteraars nie, maar van inkonsekwente belyders van Christus. Hulle is dit wat die sêen van die God van Israël weghou en Sy volk swak maak."—*"Patriarchen en Profeten," bld. 497.*

ERNSTIGE WAARSKUWING

"As die gemeente in moeilikheid is, as daar koudheid en geestelike verval heers, waardeur die vyande van God geleentheid kry om te triomfeer, laat dan die gemeentelike, in plek van hul hande te vou en hul ongelukkige toestand te betreur, vra of daar nie 'n Achan in die kamp is nie. Met ootmoed en ondersoek van die hart laat elkeen die verborge sonde ontdek wat die teenwoordigheid van die Here verdryf."—*Dieselfde, bld. 497.*

"Die duidelike, direkte getuigenis moet in die gemeente leef, of anders rus die vloek van God op Sy volk net so seker as op ou Israël vanweë hul sonde. Die Here hou sy volk as 'n geheel, verantwoordelik vir die sonde wat in individue onder hulle heers. As die leiers van die gemeente versuim om ywerig te ondersoek na die sonde waardeur die ongenoeë van God oor die gemeente kom, word hulle verantwoordelik vir hierdie sonde. . . . As daar 'n geval soos Achan s'n onder ons is, dan is daar baie wat beskuldigings wil inbring teen die wat soos Josua die kwaad wil ontdek. Hulle praat van 'n verkeerde gees. Maar mens kannie met die Here spot nie en Sy waarskuwings ongestraf veronagsaam nie."—*"Testimonies," Vol. II, bld. 269, 270.*

WAAROM DIE HERE DIE TIENDES INGESTEL HET

"Die Here het hierdie sisteem van weldadigheid ingestel sodat die mens soos sy Skepper weldadig en onsefsugtig van karakter sou word en dan deel hê in die ewige en heerlike loon."—*"Testimonies," Vol. IV, bld. 473.*

die poorte. Die Here, die magtige Oorwinnaar, sal vir hulle werk. Laat die oproep van die evangelie in al ons gemeentes gehoor word en algar uitnooi om as een man handelend op te tree."

Die gemeente sal oorwin. Die aarde sal met die heerlikheid van God verlig word. Die gemeente sal haar plig doen en spoedig kom die dag van ons verlossing en word die koninkryk van God opperig.
N. C. WILSON.

leluja Liedere" of "Christ in Song" wat gespaar kan word om dit aan die onderstaande adres te stuur, vir gebruik van ons Sabbat Skool en vir die aanstaande poging. Hollandse of Afrikaanse traktate sal ook welkom wees. Dank u.

J. F. MARAIS,

180, Frederick Street,
Daspoort, Dist. Pretoria, Tvl.

Parys

SUSTER H. VAN ECK van Sunnyside, Parys skryf:

"Vir 'n lang tyd het ons gemeente hier uitgesien na spesiale dienste, want daar is baie belangstellendes hier. Dit was dus 'n groot vreugde toe Ouderling en Mevr. Venter ons kom besoek.

"Van die begin was daar groot belangstelling. Elke aand was die saal vol. Die pragtige liedere en leersaam printe wat op die doek gegoop word en so die lesings duidelik maak, het die mense getrek. Algar het dit geniet.

"Sondag, die 19de Maart, was vir ons

Daspoort Kerk

Ons het 'n plan om hier in Daspoort 'n poging in die nabye toekoms te hou en ons vra al die Advent gelowiges om ons met hul gebede te ondersteun, want hier is nog baie kosbaar siele wat vir die Koninkryk van die Here gewin kan word.

Ons ledetal is op die oomblik 35 (groot en klein) en daar is nog 'n paar wat op die punt staan om die stap van gehoorsaamheid te neem.

Ons versoek ook al die lede vriendelik waar hulle 'n Afrikaanse boek het, "Hal-

The Southern African Division Outlook

Published semi-monthly by the
General Conference of Seventh-day Adventists
(Southern African Division)
Subscription price, 2/6 per annum

Advertisements: 6d per line (minimum 3/-)

A. FLOYD TARR _____ Editor
J. I. ROBISON _____ Assist. Editor
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS

J. F. Wright _____ President.
A. E. Nelson _____ Treas. and Auditor
A. F. Tarr _____ Secy. and S. S. Secy.
A. N. Tonge _____ Medical Secy.
M. P. Robison _____ Ed. and M. V. Secy.
L. A. Vixie _____ H. M. and Field Miss. Secy.
J. I. Robison _____ Religious Liberty Secy.

'n groot dag. In teenwoordigheid van 'n menigte toeskouers is toe vyftien kosbaar siele gedoop waaronder een doofstom suster van 67 jaar.

"Ons is dankbaar vir hierdie vermeerdering, en ons bid die Here dat elkeen van hulle genade mag ontvang om staande te bly.

"Daar is hier nog baie wat belangstellend is. Ons hoop dat ons hier spoedig weer 'n aantal spesiale dienste sal kan hou.

Ouderling Venter en die plaaslike ouderling is ook geroep aan die siekbed van 'n jong suster wat aan kanker lydende is. Sy was vol pyn. Die ouderlinge het, saam met die gemeentelede, ernstig tot die Here geroep. En die Here het die gebed verhoor. Die pyn het haar verlaat en die suster word mooi beter. Ons gee die Here al die eer en dank vir Sy wonderlike hulpe.



Home Missionary Department—Quadrennial Report

(Concluded from page 3)

Organisation of Department

During the first part of the period under review, the Home Missionary department was fortunate in having the efficient and aggressive leadership of Brother F. E. Potter. Early in 1931, it seemed necessary to reduce our union staff. Financial savings had to be made somewhere and much to our regret we felt obliged to release Brother Potter to a call from the Cape Conference to reunite with their departmental work. This was a real sacrifice and a deep loss to the union organisation. The union conference president was asked to care for the union Home Missionary interests, which, of course, is possible only to a limited extent. We have looked forward to the day when the union Home Missionary department might again have adequate leadership.

Expression of Appreciation

In all the churches throughout the union, our workers and members have stood ever ready to respond to every call to service. We consider it a high privilege to belong to this great soul-winning army. And the army is growing for "the work of

God in this earth can never be finished until the men and women comprising our church membership rally to the work, and unite their efforts with those of ministers and church officers."—"Gospel Workers," pp. 351, 352.

As a closing thought, I have chosen the following message from the servant of God: "God and Christ and the heavenly angels are working with intense activity to hold in check the fierceness of Satan's wrath, that God's plans may not be thwarted. God lives and reigns. He is conducting the affairs of the universe. Let His soldiers move forward to victory. Let there be perfect unity in their ranks. Let them press the battle to the gates. As a mighty Conqueror, the Lord will work for them. Let the gospel message ring through our

song book, "Halleluja Liedere," which they could spare, please send it to the undersigned for use in their Sabbath school and in the coming effort. Also Dutch or Afrikaans tracts will be welcome. Thank you.

J. F. MARAIS,

180 Frederick Street, Daspoort,
Dist. Pretoria, Tvl.



Bible Stories for the Cradle Roll

A New Book for Mothers and Teachers of Small Children

L. FLORA PLUMMER

FOR years there has been a demand for a series of Bible stories based on the five year course of Sabbath school lessons for the children, written in a more simplified style than the kindergarten lessons published in *Our Little Friend*. This need has not been sufficiently well met in the small space that could be spared in the *Sabbath School Worker*. In answer to this demand, a series of books is now being prepared. The first book of the series, covering Old Testament stories from creation to the crossing of the Jordan, is just off the press.

Aside from the forty-five Bible stories, the book also contains several nature stories, and a number of illustrated finger-plays. It is well illustrated with pictures—some coloured—the type of pictures that will help the tiny members of a family and of the Sabbath school to comprehend the stories.

The author, Rosamond D. Ginther, has spent many years in working with cradle roll and kindergarten children of the Sabbath school, and through the experience of these years has gained an insight into the needs of the "lambs of the flock." During the time she has served as assistant secretary of the General Conference Sabbath School Department she has had opportunity to learn the needs of the teachers of these small members of the Sabbath school. To supply these needs she has written these simplified Bible stories. No cradle roll teacher should be without the book. Every Sabbath school that has a cradle roll enrolment, or a very young kindergarten class should see that the teachers of these little ones are provided with the book, for beginning with the May issue the cradle roll stories will no longer appear in the *Sabbath School Worker*. The book contains one hundred and ninety-two pages, and is attractively bound in red cloth.

Particulars regarding price will appear in a later issue.



For Sale

FORD TOURER, late 1929 model, good condition, done 18,000 miles. £60 or nearest offer.

TRAILER.—Good substantial type, size 4ft. x 6ft. Canvas top, fitted with portable American sliding cot for two persons, cooking utensils, oil stove, etc. Apply: Division Office, Grove Avenue, Claremont, Cape.



"To all who are reaching out to feel the guiding hand of God, the moment of greatest discouragement is the time when divine help is nearest."—Mrs. E. G. White.

What Will Our Big Week Offering Be This Year?

It was £414 in 1932

It was £290 in 1931

WHAT WILL IT BE FOR 1933?

If every church member in the South African Union Conference would give or bring in from the proceeds of literature sales but 3/-, it would bring our total for this year to over £628.

Brethren and sisters, let us attempt the task and go at it with a will. The goal is ours if we will but

PRAY, WORK, and GIVE

"Send, O send a great awakening
To Thy church, O Lord, we pray,
That in ceaseless streams Thy mercy
May reach others day by day."

—Adapted.

churches, summoning them to universal action."

The church will go forth to victory. The earth will be lightened with the glory of God; God's people will do their appointed work and soon the glorious day of our deliverance will come and the kingdom of God be established.



A Request from Daspoort

THE members of the Daspoort church plan to hold a laymen's effort in the near future and they solicit the prayers of the OUTLOOK family that God will bless their efforts and lead many to accept the message. Their present membership is thirty-five, including adults and children, and there are a few who are about to take the step and become obedient to the truth.

If any of our believers have the Afrikaans